
PLATINUM Weekblad/Weekly



# SPORT

# RHS se swemspan kóók!



Hulle is voor van links: Marli Visser, Shani Nesar, Nadia du Plooy, Amanda Nel, Kelly Web, Karli Hendrikse, Pieter Steenkamp, en Nadine Lange. Tweede ry van links: Lourens Bester, Carmen Trout, Andrea Schutte, Amy Taljaard, Lané Pienaar, Stefan Steenkamp en Annelie Nel. Derde ry van links: Hugo Steyn, Janka Swanepoel, Johanieka Ehlers, Nia Viljoen, Michaela Cilliërs, en Elizna Nel. Vierde ry van links: Xavier Botes, Jenni Viljoen, Hermené Steyn, Kyle Schoeman, Tiaan Uys, De Lange Swart, Juané van Aardt, Carli Venter, Nolene Pretorius, en Rulandi Viljoen. Vyfde ry van links: Chris Steenkamp, Franco Fuhri, Pieter Coetzé, Jacque Steyn, Janco Viljoen, Divan Drummond, Dandré Greeff, Faan Swart, en Bernard Meyer. Agter van links: Anothony Ehlers, James Cato, Jana Coetzé, Dehan Baard, Dehan de Koker, Wian Schoeman, Nic Dreyer, Gregory Davies, Anthony van Heese, en Joshua Gilfillan.

**Rustenburg** – Dit was weer tyd vir die swem-interhoër en Hoërskool Rustenburg se swemmers het hul reputasie gestand gedoen deur vir die vierde agtereenvolgende jaar die interhoër te wen. Die interhoër het op 13 Februarie by Hillcrest te Pretoria plaasgevind. Soos dit die Rusties betaam, is wen 'n gewoonte!

Wian Schoeman en Jana Coetzé is onderskeidelik as die senior Victor- en Victrix Ludorum aangewys. Pieter Coetzé is vanjaar die junior Victor Ludorum en het ook die rekord van 'n ander bekende oud-Rustie, Jannus Antha, verbeter.

Mev. Amanda Nel, swemorganiseerder, sê: "Deursettingsvermoë en Rustie-trots is kardinale bestanddele in hierdie swemmers se suksesresep".

# Die Rusties troef Gimmies op hul eie turf

Die eerste krieketspan van die Hoërskool Rustenburg het 14 Februarie op Valentynsdag in die T20-Noordwes-finaal teen Potchefstroom Gimnasium te staan gekom en tot groot vreugde die bloues met twee lopies gewen. Stian Swanepoel is as die speler van die wedstryd aangewys.

Mnr. Niël Blignaut is trots op die spelers. Hy en sy seun, mnr. Fano Blignaut, rig hierdie span af. Beide is toegewyde en ervare afrigters en 'n aanwins vir hierdie span. Met die oorwinning het hulle 'n welverdiende bedrag van R33 000.00 van Krieket-SA gewen! Ai, wat talent, harde werk en groot geluk nie kan doen nie! Mnr. Blignaut sê met hierdie spelers is 'n belowende, presteerende seisoen 'n gegewe.




Voor van links: Charl Naudè, Tiaan van Tonder, Armand von Wielligh, en Hanro Swanepoel. Middel van links: Bertus Buitendach, Kris Vorster, Stephan Botha, Hanru Buitendach, en Estiaan Schönfeldt. Agter van links: Henco Naudè, Franco Breitenbach, Eward Bester, Stian Swanepoel, en Janco Naudè.

## Weather Report North West
## Rustenburg

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Friday | 02 | March | 2018 | 29°C - 17°C |
| Saturday | 03 | March | 2018 | 29°C - 17°C |
| Sunday | 04 | March | 2018 | 31°C - 18°C |
| Monday | 05 | March | 2018 | 32°C - 19°C |
| Tuesday | 06 | March | 2018 | 31°C - 19°C |

At time of print

## FINANCIAL INDICATORS

| | | | |
|---|---|---|---|
| Crude Oil | [OIL] | R | 781.14 |
| Gold Ounces | [XAU] | R | 15 512.04 |
| Platinum Ounces | [XPT] | R | 11 535.56 |
| Palladium Ounces | [XPD] | R | 12 059.32 |
| United States Dollar | [USD] | R | 11.75 |
| British Pound | [GBP] | R | 16.23 |
| Euro | [EUR] | R | 14.35 |
| Chinese Yen | [CNY] | R | 1.85 |
| Namibian Dollar | [NAD] | R | 1.00 |
| Lesotho Loti | [LSL] | R | 1.00 |

At time of print

## SUDOKU

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 5 | | | | | | 7 | |
| 9 | | | 1 | | | | | |
| | | | | | | | | |
| | 7 | 3 | | | | 4 | | |
| | | | 8 | | | 1 | | |
| | 6 | | | 5 | | | | |
| 2 | | | | | | | | 3 |
| | | | | 7 | | | 6 | |
| 1 | | | 9 | | | | | |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 6 | | | 2 | 8 | | |
| 4 | | 1 | | 8 | | | 6 | |
| | | | 4 | | | | 3 | 1 |
| 6 | | 8 | 7 | 4 | | | | |
| | 9 | | | | | | 5 | |
| | | | | 1 | 9 | 2 | | 8 |
| 8 | 1 | | | | 7 | | | |
| | 6 | | | 9 | | 3 | | 5 |
| | | 5 | 2 | | | 7 | | |